



Naguriend



Direkteur: Yolandé Korkie

E-pos: Yolande.korkie@crisisresponsenetwork.net

Webwerf: www.crisisresponsenetwork.net

Tel: +27 (0) 21 9761465

Nagvriend **SPAN**

Illustrasies: Huibrecht de Hart

E-pos: deharth2@gmail.com

Teks:: Maretha Maartens

E-pos: strydomsuster@gmail.com



Lees NAGVRIEND SOOS 'n BOEK.

Wanneer jy NAGVRIEND as PDF oopmaak, sien jy dalk net een bladsy voor jou. Die meeste van ons geniet dit egter om twee bladsye langs mekaar te sien wanneer ons 'n aanlynpublikasie lees. Só lees 'n mens mos 'n gedrukte boek: twee bladsye oop langs mekaar.

As Adobe Reader ('n gratis program vir die lees van PDF's) op jou rekenaar, tablet of selfoon geïnstalleer is, kan jy die eenbladsy-beeld op die skerm maklik in 'n tweeblydsy-beeld verander.

Sō doen jy dit:

1. Maak die NAGVRIEND PDF in ADOBE READER oop.
2. As jy net een bladsy sien, soek **View** links bo. Dit staan direk bo HOME, TOOLS en die titel van die PDF.
3. Kliek op **View**.
4. Kliek dan op **Page Display**.
5. Kies die opsie: **Two Page View**.

So maklik is dit. Geniet jou boek!



Jy het 'n


Naguriend





Sami droom 'n aaklige droom.
Hy kan nie daaruit loskom nie.
In sy droom lyk die virusse presies soos wat hulle regtig lyk:
soos klein, vetterige balletjies.
Al die balletjies is vol stekels
soos die stekels van brandwurms .
Sami sien honderde van hulle.
Die virusse klou aan sy oupa se hande vas.
Hy het aan iets gevat
waarop daar baie virusse was.

*“Jesus loves me! This I know,
“For the Bible tells me so,”* sing Oupa.



In Sami se droom

vat Oupa aan Ouma se hand.

“Kom sing saam, my skat,” sê hy.

“Het jy jou hande gewas, my lief?” vra Ouma.

“*Katte* lek en was hulle pote,” sê Oupa.

“Jy weet tog ek is nie 'n kat nie.”

Nou sit daar baie virusse

op Ouma se hand ook.

Ouma weet dit nie,

want die virusse is kleiner

as klein mosterdsaadjies.



“Aa-tjie-soe! ” nies Oupa.

“Wat jeuk my neus tog so?”

Sê nou daar is honderde virusse
in Oupa se niesdruppeltjies?

Oupa kan net nie ophou nies nie.

“Aa-tjie-soe! Aa-tjie-soe! Aa-tjie-soe!”

Dit is 'n woeste geluid in Sami se droom.

Die druppeltjies van die woeste nies
val op die tafel en stoele.

Baie van hulle tref Ouma in die gesig.

En Oupa vryf en vat
aanhoudend aan sy neus.



Virusse spring en hardloop nie rond nie.

Hulle het nie bene nie. Ook oë, kloue en monde nie.

Maar in sy droom hoor Sami

die virusse se stekels spot en suis:

“Ons het jou, Oupa!” .

Oupa weet nie

dat die virusse by hom intrek

om in sy keel en longe te kom bly nie.

Die stekels zoem en zoem:

“Sami, jou oupa se lyf

is nou ons blyplek!”



Sami wil skree.

Maar hy kan nie skree soos wanneer hy wakker is nie.

In die skool het almal van dié soort virus geleer.

Covid-19 virusse het stekels
wat aan membrane vashaak.

Die membrane in mense se neuse
is 'n lekker vashaakplek vir hulle.

In die selletjies van dié membrane
is daar iets wat Covid-19 virusse nodig het
om nog virusse soos hulleself te maak.

Covid-19 virusse wurm hulleself in sulke selletjies in.

Daar word hulle meer en meer.

Die nuwe virusse gaan maak ook weer
virusse soos hulleself
in ander selletjies.

Sami wil uit die bed spring

Maar hy slaap nog.

Hy kan net nie wakker word nie.

Oupa het van die virusse
op Ouma laat beland.

Die membrane van hulle keel en longe
gaan gou-gou wemel
van nuwe Covid-19 virusse.





Tien kinders in Sami se skool het skielik
positief vir die Covid-19 virus getoets.

Party het gehoes en koors gehad.

Party het nie eens siek gelyk nie.

Die skoolhoof het gesê

dit is nog 'n golf.

Almal moes weer soet by die huis bly

soos in Maart en April.

“Julle weet mos nou al almal

dat dié virus nie moet versprei nie

— veral nie na julle oupas en oumas

en na sieklike grootmense en kinders nie,”

het die skoolhoof gesê.

“Oumense en sieklike mense

word nie net grieperig van dié virus nie.

Party van hulle word baie, baie siek

as hulle die virus van kinders soos julle kry.”

So was dit met tannie Sara.




Tannie Sara het 'n kos-stalletjie
anderkant die plankheining gehad.
Sy het die lekkerste vetkoek en bredie daar verkoop.

.
Haar kleinseun Ben
was net effens hoeserig van die virus.
Hy het nie 'n masker gedra nie.
Daar was Covid 19-virusse
in sy hoesdruppeltjies.
Die virusse het aan die membrane
in tannie Sara se neus gaan vashaak.
Later was daar Covid-19 virusse in haar longe.
Tannie Sara was net vier dae lank siek,
toe is sy dood.
Ben se hoes is lankal verby,
maar hy mis sy ouma dag en nag.



En nou staan Oupa daar
met Covid-19 virusse in sy neus!
Die aaklige droom hou net aan en aan.
“Ons moet nog sing,” sê Oupa vir Ouma.
“Totdat die maan opkom.”
“Ons middag-kos gaan brand,” sê Ouma.
“Haal die kos van die stoof af,” lag Oupa.
“Ons eet walkie talkies,” sê Ouma.
“Is jy dan nie honger nie?”
“Hoenderpootjies?” Oupa dink eers. Dan skud hy sy kop.
“Los die walkie talkies. Ek wil sing totdat die maan opkom!”

In die aaklige droom
vryf Oupa aanhoudend aan sy neus.
“Ek dink daar is muggies in my neus,” brom hy.
“Dis dié dat my neus so jeuk.”



“Oupa! Ouma!” skree Sami.
Maar hulle hoor hom glad nie.
In die nare droom stop Ouma skelmpies
’n gaar walkie talkie in haar mond.
“Ek kry nou warm,” sê Oupa.
Hy maak die deur oop.

Dit is ’n aaklige droom.
Die deurknop word groter en groter.
Dit word so groot soos ’n TV skottel.
Die hele groot deurknop is nou vol Covid-19 virusse.
Ag, tog!
Hoekom wil Oupa nie sy hande nie?
Hoekom wil hy nie
in sy elmboog nies nie?

Iemand moet iets doen, dink Sami.
In sy droom probeer hy vlieg,
maar hy val uit die lug
en breek sy toon.
Eina! Sjoe, eina!





In sy droom probeer hy swem,
maar 'n likkewaan
kom langs hom swem
en amper verdrink hy.



In sy droom probeer hy hardloop,
maar Kat-Kat lê op sy bene.
Kat-Kat is so swaar
soos 'n groot boks
boeke.



In sy droom probeer Sami skree.

Maar 'n muis druk 'n bol hare in sy mond.

Kathare! Aaklig!

“Sjuut, Sami,” sê die muis kwaai. “Ek is baie kwaad.

Jou oupa sing 'n liedjie waarvan ek nie hou nie.”

Sami hoor sy oupa 'n liedjie oor 'n muis sing:

Hickory Dickory Dock

The mouse went up the clock.





In Sami se aaklige droom
sit daar virusse op die muis se pootjies.
Die muis is kwaad vir Oupa,
want Oupa sing van muisse.
Die muis smeer virusse aan Oupa af.
Hy lyk glad nie jammer daaroor nie.
Hy hoes en nies aspris op Oupa.

“Help, Mamma! Help!” skree Sami.

“Help, help!”

Kat-Kat spring van Sami se bene af.

Sami kan weer sy bene roer.

Hy skop hom oop.

Mamma kom na hom toe aangehardloop.

“Sami? Wat makeer, Sami?”.

Kat-Kat miaau en knor. Hy flits by Mamma verby.

“Ek is hier!” sê Mamma. “Ek is hier, my seuntjie.”

Sy skakel die sonlampie

op die krat langs sy bed aan.

“Het jy ’n nare droom gedroom?” vra sy.

Sami sukkel om te praat. “Oupa gaan siek word.

Hy was nie sy hande nie.

En daar was ’n virusse op ’n muis gewees.”

Sami snik nog steeds. “Die aaklige muis

het virusse aan Oupa afgesmeer!”

“Gelukkig was dit net ’n droom,” sê Mamma.

“Almal weet dat muise

pampoenpitte gaps.

Hulle sal enigiets eet waarvan ons ook hou.

Maar hulle smeer regtig nie virusse aan mense af nie!”



Mamma lyk nog net so moeg
soos toe sy ná werk by die huis gekom het.
Maar sy klim langs Sami onder sy kombes in.
Sy hou hom styf vas.
Hy voel soos 'n kuikentjie
onder 'n hen se vlerk.
“Dit was 'n bielig van 'n nagmerrie,” sê sy.
Sami knik. “Die Covid-19 virusse het geskree:
'Ons het jou, Oupa!’”
Mamma hou hom nog stywer vas.
“Oupa het my gebel net toe die son ondergaan.
Alles is reg daar.
Raai wat het hulle vanaand geëet?”
“Sop?” raai Sami.
“Ja! Spinasiesop,” sê Mamma.
“Met rape daarin. En baie ander groente
uit Oupa se tuin.”





Sami hoor hoe sy sussie Luli iets uitspoeg: "Pfff!"

Mamma roer nie.

"Kom ons verras jou sussie," sê sy saggies.

"Kom ons sing voordat sy huil."

"La-la, Lu-li, la-la!" begin Sami sing.

"Lu-li, la-la. La-la Lu-li!" sing Mamma ook.

Luli word stil.

Toe lag sy 'n baba-laggie: "Ghhh! Ghhh!"

Luli lag altyd so

as Kat-Kat met haar speel..

Sami spring op. Hy hardloop na Luli se bedjie.

Kat-Kat sit daar by Luli.

Hy kielie haar wang met sy poot.

Mamma kom vinnig agter Sami aan.

Sy tel Kat-Kat uit Luli se bedjie.

“Toemaar, Mamma,” sê Sami.

“Ek sal Kat-Kat weer na my bed toe vat.”

“O, nee,” sê Mamma. “Hy gaan ons pla.

Hy kan nou buite gaan jag.”

“Mamma,” sê Sami, “ek is bang as dit donker is.

Mag Kat-Kat by my bly?”

“Nee,” sê Mamma weer. “Ons gaan nou almal rustig slaap.

Heelnag, totdat Pappa van die werk af kom.”



Mamma maak die deur oop
en gooi vir Kat-Kat uit.

“Toe, toe, Sami. Gaan spring in jou bed.”

Sami hou nog aan:

“Ek is baie bang as dit so donker is, Mamma.”

“Hou dan die sonlampie aan.

En dink aan lekker dinge.”

“Soos wat, Mamma?”

Mamma sug. “Enigiets!”

Sy lyk doodmoeg.

Sy skakel die sonlampie

op die krat

langs haar en Pappa se bed af.


“Bed toe, Sami!”



Sami gaan na sy slaaphoekie.
Hy kyk deur die klein venstertjie.
Daar sit Kat-Kat
hoog op die plankmuur
reg voor die groot geel maan.

Daar woerts baie vlermuise
voor die maan verby.
Hulle hou 'n vlermuis-fees
in die mango-boom.

Kat-Kat , dink Sami,
vlermuise is nie goeie kos vir jou nie.
Maar voordat Sami “Los hulle uit! ” kan sê,
nies Kat-Kat
'n bielie-groot nies.



Kat-Kat se niesdruppeltjies
lyk soos 'n miswolkie
in die maanlig.

Sy niesdruppeltjies het eendag
op Luli se pap beland.

Mamma het die pap weggevat en geraas:
“Nee, Kat-Kat, nee!
As jy só aangaan
sal ons vir jou ook 'n masker moet opsit.”

Mamma sê druppeltjies is die probleem
met dié virus.

As kinders wat net effens siek is, nies,
is daar onsigbare virusse in hulle niesdruppeltjies.


As kinders wat net effens siek is, sing of praat,
is daar onsigbare virusse in hulle sing- en praat-druppeltjies.

As hulle hoes — al is dit net 'n klein hoesie —
dan spat daar druppeltjies met virusse uit hulle monde.

As daar van dié virusse
op deurknoppe, sleutels en op selfone beland,
kan die virusse mense siek maak.

Daarom moet almal lapmaskers dra
wanneer hulle buite hulle eie huise
tussen ander mense is.

Kat-Kat nies nog 'n slag
en skielik is hy weg.
Hy het van die plankmuur afgespring.
Hy is anderkant die muur
in Lekkerplek.





Lekkerplek is waar almal altyd sokker gespeel het.

Lekkerplek is waar oom Sterkman die seuns leer stoei het.

Lekkerplek is waar die honde kon baljaar.

Lekkerplek is waar daar altyd baie stalletjies was.

Mens kon enigiets by die stalletjies koop:

mango's en litchi's,

kamme en borsels,

rys en meel,

vetkoek,

koesisters en gebraaide hoenderpootjies,

koolrolletjies,

lekkers en koeldrank,

seep en emmers,

handsakke en beursies,

klere en skoene.

Lekkerplek is waar tannie Sara vetkoek verkoop het:
die lekkerste vetkoek in die hele wêreld.

Nou is Lekkerplek stil
want almal moet weer by die huis bly
sodat die siek kinders van die skool
eers gesond kan word.

Ek is kwaad vir dié simpel virus, dink Sami.
Ek is kwaad, kwaad, kwaad.
Nou gaan net die mammas Lekkerplek toe.
Hulle dra maskers
en kom gou weer terug. Mamma gaan Dinsdae.
Dan maak sy nie die hospitaal se vloere
en wasbakke skoon nie.
Mamma kan nie meer
vetkoek daar koop nie.
Koeldrank
is nou ook te duur.
Mamma koop min,
en alles moet lank hou.




Sami bly sommer so voor die venster staan.
Hy verlang na Lekkerplek soos wat dit altyd was.
Hy verlang na gebraaide hoenderpootjies
en vetkoek
en tannie Sara.
Hy verlang
na sokker en stoei.
Hy mis sy vriende.
Hy was altyd daar vir hulle,
en hulle was altyd daar vir hom.
Ek is kwaad vir die simpel virus, dink Sami.
En ek is bang.



Sy sonlampie gaan dood op die krat.
Alles is donker.
Alles vóél donker.
Nou, dink Sami, is dit bangwees-tyd
in die middel van die nag.



Sami mis vir Pappa
wat snags mense en plekke moet oppas.
Hy wil hê Pappa moet weer wees
soos hy altyd wees.
As Pappa nou ná werk by die huis kom, sê hy:
“Wag, wag, Sami! Pappa gaan eers stort.
Moenie nou al aan Pappa vat nie.”
Mamma sê ook so
wanneer sy van haar werk af kom.



Daar is 'n seer kol
in die middel van Sami se bors.
Hy verlang na Oupa en Ouma.
Die verlang voel soos 'n kneusplek
in die middel van sy bors.

Alles is donker.
Alles vóél donker.
Nou, dink Sami,
voel kinders baie alleen
en hartseer
in die middel van die nag.






Sami klim stadig
terug in sy bed.
Die maan raak weg
agter 'n wolk .
Kat-Kat is loop nog
anderkant die plankmuur
op sy eie rond.
Pappa pas mense
en plekke op.
Luli suig aan iets.
Sami hoor haar.

Mamma rol om en om.
Sy slaap nog nie,
al is sy doodmoeg.
Sami hoor haar ook.

Alles is donker.
Alles vóél donker.
Nou, dink Sami, is dit my alleenste tyd
in die middel van die nag.
Hy rol om en om, nes Mamma.
Is dit dalk beter om maar weer regop te sit?.
Nou hoor Mamma hom ook.
“Sami,” sê sy saggies uit haar bed,
“dink aan Oupa se mooiste storie, tóe?
Dan sal jy beter voel.”



Oupa se mooiste storie
is mos die storie van die nagvriend,
dink Sami in die donker.
Hy onthou hoe hy op Oupa se knie gesit het.
As Oupa 'n storie vertel,
sit 'n mens op sy knie.
Oupa se storie van die nagvriend
was wonderlik.

Sami sit sy arms om sy kussing.
Dit voel warm soos Oupa se lyf.
Dit is byna asof hy Oupa self.
die storie in die pikdonker nag hoor vertel:

“Sami-kind, lank gelede
was duisende mense in ons land
siek aan griep.

’n Seuntjie met die naam Jos
moes die vuur in hulle koolstoof aan die brand hou.
Jos moes pap en sop kook.
Hy moes die wasgoed was,
die huis skoonmaak
en vir al die diere op sy ma se plasie sorg.

Jos se pa het nie meer geleef nie.
Sy ma was siek en koorsig.
Sy vyf sussies ook.
Hulle het die griep
by mekaar aangesteek.
Almal was baie siek.”



“Klein Jos het nat lappe op sy mamma se voorkop gesit
om haar koors te breek.
Hy het water en sop vir sy sussies aangedra.
Jos se hond wou sy pap en sous hê.
Die hoenders en ganse
het agter hom aangehardloop
wanneer hy buite was.
Die hanslammers het geblêr.
Hulle wou hulle bottels melk hê.
Die boerbokke was heelyd honger.
Die donkies moes voer en water kry.”



“Sami, Oupa sê nou vir jou:
klein Jos het so hard
soos ses grootmense gewerk.
‘Toemaar, toemaar, toemaar!’ het Jos al die diere getroos.
‘Wees rustig. Ek sal mos vir julle sorg!’
Die diere het rustig geword
wanneer Jos so mooi met hulle praat.
Hulle kon hom vertrou.
Jos het vir elkeen van hulle kos gegee.
Hy het elke dier se naam geken.
Hy het byna net so goed vir hulle gesorg
soos wat Noag in die ark
vir al die diere gesorg het.”



“Maar, Sami-kind, een nag was dit baie koud.
Dit was 'n aaklige nag.
Jos se ma en sussies het aanhoudend gehoës.
Die huis het na koors geruik.”



“Die maan was agter die wolke.
Alles was koud en donker.
Jos het gaan kyk of dit goed gaan
met al die diere.
Dit het nie goed met almal gegaan nie.
Een klein bokkie was stokstyf van die koue.

Jos het die baba-bokkie
in ’n kombes toegedraai
en voor die stoof met hom gaan sit.
Hy het die bokkie styf teen sy lyf gehou
en sy beentjies en
ruggie gevryf.
Ná ’n lang ruk
het die bokkie sy
kop opgelig
en probeer blêr.”





“Jos het bokmelk in ’n bottel gegooi,
maar die bokkie wou nie drink nie.
Sy nekkie het weer slap geword.
Die vuur in die stoof was amper dood
Die kers op die tafel was byna uitgebrand.
Toe, Sami-kind, gaan die kersvlam dood
en alles was pikdonker om klein Jos.

Jos het begin huil.
Hy het gehuil oor sy siek mamma
en sy siek sussies;
oor die pap baba-bokkie
oor die vuur wat nie meer gebrand het nie
en oor die uitgebrande kers.
Die geel kersvlam
het alles mos veiliger laat voel.

Jos het gehuil omdat hy alleen en bang was.
Hy het vergeet
dat God die Vader sy kinders altyd help,
veral as hulle bang is,
veral as hulle alleen voel,
veral as alles verkeerd is.

Jos het vergeet hoe lief God vir kinders is, Sami-kind. ”

“Toe kyk Jos op en sien
’n seun met ’n lamp
by die deur inkom.
‘Wat makeer die bokkie?’
vra die seun.
En Jos vertel hom alles.

Die seun sit sy lamp
op die tafel neer.
Alles voel toe vir Jos
baie beter in die lig.
Die seun glimlag vriendelik
en sê vir Jos:
‘Kom ek leer jou
twee slim dinge
om met so ’n bokkie te doen.
Mag ek dié vadoek gebruik?’
Hy vat ’n vadoeke en vou dit dubbel
en weer dubbel.
‘Gee vir my die bottel,’ sê hy vir Jos.
Maak die bokkie se ogies met die vadoek toe, asseblief.’
Die seun hou die bottel bo die bokkie se neus.
‘Jou bokkie ruik die melk,’ sê hy vir Jos.
‘Raps hom saggies op sy stertjie.
Hou aan om dit te doen.’
Jos het nie verstaan hoekom hy
die bokkie op sy stertjie moes bly tik nie.
Die seun het dit vir hom verduidelik:



“Bok-ooie doen dit met baba-bokkies.
Dit laat die klein bokkie veilig voel.
Dan drink hy.’

Jos se bokkie het sy kop opgetel.
Hy wou drink!
Die seun het die bokkie aan sy vinger laat suig.
‘Hy suig lekker,’ sê hy vir Jos.
‘Mooi so, bokkie.
Hier’s jou bottel. Drink jou magie vol.’
Jos wou die vadoek afhaal
maar die seun het hom gekeer:
‘Nee. Dit moet vir hom voel
of sy ma se lyf koelte maak vir hom.
Tik hom op sy stertjie.
Moenie ophou nie.’

Jos se bokkie
het sy pensie dik gedrink.
Toe raak hy aan die slaap.

Jos het hom
op ’n sagte kussing
neergesit.”



Oupa het vir Sami op sy ander knie getel.

Toe het hy verder van Jos vertel:

“Toe die bokkie rustig slaap,

het Jos vir die seun gesê:

‘Jy is my held. ’n Baie slim held!’



“Die seun het verleë gelyk.

‘Ek is nie ’n held nie. Ek is net ’n skaapwagter. En jy?’

‘Ek wil ek ook ’n herder word, soos jy,’ het Jos skaam gesê.

Maar ek moet nog lank skoolgaan.’

Die seun het geglimlag.

‘Wat is jou naam, my jong vriend?’

‘Jos. Maar die onderwysers noem my Of Jusuf. Of Josef.’

‘Ek is sommer net Dawid,’ het die seun gesê.

‘My broers is al groot. Het jy broers en susters, Jos?’

Jos het aan sy siek ma en sussies gedink.

‘Net ’n ma en sussies. Maar hulle is nou almal siek.’”





In die middel van die storie
het Oupa eers koffie gedrink.
Sami wou verder hoor, maar hy moes wag.
Ouma het die koffiebeker kom haal.

“Waar het ek opgehou, Sami?” wou Oupa weet.
“Daar waar Jos vir sy nuwe vriend gesê het
almal is siek.”

“Net daar,” het Oupa weer onthou. “Dankie, Sami.”
“Nou gaan jy hoor
van die plek
waarvoor Dawid die bangste was.”

Sami se oupa het verder vertel:

“Dit het goed gegaan met die baba-bokkie op die kussing.

Dawid het by Jos op die vloer gesit.

Toe vra hy dieselfde vraag

drie keer ná mekaar:

‘Hoe **gaan** dit met jou, my vriend?’

‘**Hoe** gaan dit met jou, my klein vriend?’

‘Hoe gaan dit *met jou*, my liewe klein vriend?’

Jos het in trane uitgebars.

‘Dit gaan sleg met my! Ek is bang en alleen.’”





“Dawid het Jos se hand in syne gevat:
‘Ek voel ook partykeer so, my vriend.’

Jos het hom nie geglo nie.
‘Maar jy is dan so slim, Dawid!’

‘Nee, Jos,’ het Dawid gesê.
‘Ek het nie geweet hoe om op te hou ril en bewe nie.
Klink dit vir jou baie slim?’
Jos het hom aangestaar. ‘Wat laat jou ril en bewe, Dawid?’

Dawid het sy geheim vir Jos gefluister:
‘Ek ril en bewe as ek doodbang is.’

Toe vertel hy vir Jos van sy lewe in die veld:
‘Ek sorg dat al my pa se skape kos het.
‘Die lammertjies het groen gras nodig. Ek neem hulle daarheen.’
‘Ek vat hulle na plekke
waar die water helder en skoon is.
‘Ons skape drink daar, Jos.’




“As my skapies moet rus,
sit ek by hulle.
Daar is mos altyd gevaarlike diere daar naby:
bere, wolwe en leeus
wat hulle wil vang.’
‘Hoe beskerm jy al jou skape?’
wou Jos weet.

‘As ’n leeu of ’n beer kom
en hy dra ’n lam weg,
gaan ek agter hom aan,’ het Dawid gesê.
‘Dan red ek die lam uit sy bek.
Soms gryp ek so ’n leeu aan sy baard
en slaan hom dood.’¹

Jos se mond het oopgeval.
‘Jy het nie ’n bang haar op jou kop nie, Dawid!
‘Niks sal jou ooit laat ril en bewe nie.’”

¹ 1 Sam 17:34-5.



Oupa het Sami styf vasgehou
terwyl hy nog verder vertel het:
“Jos was verkeerd, Sami.
Ons word mos almal bang vir iets.”

Sami het saamgestem.
“Ek ril en bewe baie, Oupa.
Ek is bang vir weerlig.
En vir inspuittings.
En vir giftige goggas.”

“Jou Ouma is bang vir motte!”
het sy oupa gesê.

Sami en Oupa het lekker oor die motte gelag.
Toe vertel Oupa verder:

“Dawid het vir Jos vertel
waarvoor hy die bangste was.
Raai eers wat dit was, Sami.”

Sami kon glad nie raai nie.
“Waarvoor was Dawid die bangste, Oupa?”



“Dawid het vir Jos gesê
dat hy bang was
vir die vallei van donker skaduwees.
Hy moes die skape dikwels
deur daardie donker en gevaarlike plek lei.

Dawid het gesê: ‘Jos, my vriend, die son skyn nooit
in daardie diep kloof nie.
In daardie vallei is ek heeltemal alleen.
Ek ril en bewe daar.’

Jos het aan ’n plan gedink:
‘Hoekom kies jy nie liever ’n ander pad nie, Dawid?
Dit is wat ek sou doen.’
‘Daar is nie ’n ander pad nie,’ het Dawid vir hom gesê.
‘Ek moet deur daardie donker vallei gaan.’
‘Ek sal te bang wees,” het Jos gesê.
‘Wat laat jou aanhou, Dawid?’

Dawid het hom vertel:
‘Ek dra die swak lammers.
Ek loop so vinnig as wat ek kan.
Ek slaan met my knopkierie teen die rotse.
Ek bid, Jos. Ek bid tot die HERE God.’

‘Help dit om te bid?’
Jos wou regtig weet.”



Oupa het die beste deel van die storie
so mooi vertel dat dit vir Sami geklink het
asof Dawid self met Jos praat:

‘Jos, jy vra of daar iets gebeur
as ons bid.

Ja, ja, ja, Jos!

Die HERE God kan baie meer doen
as wat ons ooit kan dink.

‘Eendag toe ek nog so bid,
het ek ’n stem gehoor.

Die stem het vir my gesê:

Dawid, jy is so ’n goeie herder.

Jy is baie lief vir jou pa se skape en bokke.

Maar onthou:

‘Ek, die HERE, is j^oú herder.

Ek, die HERE, is lief vir jou

as wat jy vir die skape is

waarvoor jy sorg.

‘Ek, die HERE, hou oor jou wag.

Ek beskerm jou beter

as wat jy julle skape beskerm.’

Die HERE se helder lig

het in daardie donker vallei geskyn.

Die woorde van die HERE

het al die vrees

— al die ril en al die bewe —

laat verdwyn.



“Die HERE het gesê:

‘Dawid, jy sorg dat julle skape en bokke
niks kortkom nie.

Ek, die HERE, sal nog meer vir jou doen.

‘Dawid, jy vat julle skape na sagte groen gras
en na fonteine waar die water skoon en helder is.

As jy by jou skape is,
hoef hulle vir niks bang te wees nie.

‘Dawid, Ek, die HERE, sal vir jou
nog beter dinge gee
as groen grassies
en die water wat skape hier op die aarde drink.

Ek is die HERE. Ek is by jou.
Jy hoef nie bang te wees
vir enigiets nie.
Ek, die HERE, sal jou altyd lei.

‘Dawid, wanneer jy bang is
kan jy My meer vertrou
as wat die skape en bokke jou vertrou.
Ek is die HERE, Dawid. Ek is jou Vriend.
Ek sal altyd daar wees vir jou.’”



Oupa het die laaste deel van die storie vir Sami vertel:

“Dawid het sy lampie gevat om weer na sy skape te gaan. Maar eers het hy vir Jos gevra: ‘Is jy lief vir die HERE, Jos?’ ‘Baie,’ het Jos gesê. ‘Eendag gaan ek Hom sien. Nou kan ek Hom nog nie sien nie. Maar ek is baie-baie-baie lief vir Hom.’

Dawid het hom 'n drukkie gegee. ‘Jos, die HERE is jou Herder ook. Hy is almal wat Hom liefhet se Herder wat alles kan doen en ons altyd wil help. Die HERE is die ware Vriend van elke kindjie wat bid. Die HERE, ons Herder, is altyd daar vir ons: elke dag en elke nag. Hy is jou Nagvriend en jou Dagvriend.

Oupa het vir Sami van sy knie afgetel.
“Sami-kind, toe Jos weer kyk,
was Dawid al ver weg.
Sy lampie se lig
was net ’n klein geel kolletjie in die donker.
Jos se sussie het uit die kamer na hom geroep:
‘Wie se stem was dit, Jos?’
‘Dit was my nagvriend se stem,’ het Jos gesê.
Jos se ma het die lampie langs haar bed aangesteek.
Die kamer was vol geel lig.
Almal het beter gelyk.
Jos het vir hulle van sy nagvriend vertel,
van Dawid, die herder.

Jos het hulle van die HERE God vertel,
en dat Hy almal wat Hom liefhet
se Vriend is.

Jos het vir hulle gesê:
‘Ons Vriend
kan alles doen.
Hy is altyd by ons,
elke dag en elke nag.
Hy laat al die vrees
verdwyn.’”





Oupa het die storie van die Nagvriend
Net twee dae voor die eerste inperking vir Sami vertel.
Twee dae voordat Lekkerplek so stil geword het,
het Sami en Oupa Dawid se lied nog saam gesing:

Die HERE is my Herder

Ek kom niks kort nie.

https://www.youtube.com/watch?v=qak_45mnZE0



Ouma, Mamma en Pappa het ook saam kom sing.

Dawid se lied het hulle bly gemaak.

Toe dit laat word, moes hulle
vir Oupa en Ouma totsiens sê.

Maar Sami kon nie ophou nie.

Hy het Dawid se lied
nog 'n laaste keer gesing.

https://www.youtube.com/watch?v=qak_45mnZE0

Sami sing Dawid se lied:

Die HERE is my Herder!

Hy wil nie ophou sing nie.

Hy kan nie ophou sing nie!

“Sami, Sami!”

Sy pa praat met hom.

“Jy sing mooi, Sami,
maar word nou wakker, tóé?”

Sami hoor sy ma se stem:

“Kielie hom, Luli!”

Luli lag ’n baba-laggie: “Ghhh! Ghhh!”

Sami maak sy oë oop.

Dit is al dag.

Sonlig kom by die venster in.

Hy het Oupa se storie
die hele nag lank gedroom.
Hy het in sy droom gesing.

Die HERE se lig
was in sy droom.
Die HERE se lig
was helderder
as die lig van die son.
Alles was warm en goed.

Die HERE was by hom gewees.
Hy het nie meer alleen gevoel nie.
Die HERE
het al sy bang-wees laat verdwyn!





“Opstaan, Sami!” sê Mamma.

“Kom help my om die kosmandjie
agter op die fiets vas te maak.”

Sami spring uit die bed.

“Gaan Mamma Lekkerplek toe?”

“Nee,” sê Mamma.

“Maar vandag het ons hope kos in ons huis.

Op pad werk toe

gaan ek kospakkies uitdeel.”



Pappa se baas het vir hom
sakke vol meel en bone gegee.
Pappa het huis toe gekom
met so baie sakke vol kos
dat honger mense ook daarvan kan kry.
Mamma lyk nie meer moeg nie.
Sy is bly dat sy kos het om weg te gee.



Sami dra die sakke na Mamma se fiets toe.

Kat-Kat draf saam.

Hy ruik aan die sakke

en trek sy neus op.

Kat-Kat hou meer van vlermuise.

Sami lag.

“Staan uit my pad,

Kat-Kat!”

Sami maak die mandjie

agter op Mamma se fiets vas.

Die HERE *is* ons Herder, dink hy.

Ons kom niks kort nie.



“Kom ons gaan bid eers
voor ek gaan werk,” sê Mamma.
Hulle gaan sit op Sami se bed,
hy en Pappa en Mamma,
met Kat-Kat en Luli in die middel.

Pappa sê vir die HERE dankie
dat Hy hulle Goeie Herder is.

“Die HERE is ons Nagvriend ook,” sê Sami.
“Waar die HERE is, gaan al ons bang-wees weg.”

Toe sing hulle Dawid se lied.
Dit is mos vir altyd en altyd
hulle lied ook:

Die HERE is my herder!

https://www.youtube.com/watch?v=qak_45mnZE0



Mamma gaan werk.
Sy gee kospakkies langs die pad af.
Pappa was die skottelgoed.
Daarna gaan hy bed toe.
Hy raak gou aan die slaap.
Luli kruip rond.
Kat-Kat gaan sit op die plankmuur
en Sami se oupa bel.
“Oupa,” sê Sami vir hom,
“sal jy asseblief jou hande
mooi skoon bly was?
En, Oupa, Jesus is ons Nagvriend!”

Psalm 23:1-6

'n Psalm van Dawid.

Die Here is my herder,
ek kom niks kort nie.

Hy laat my rus in groen weivelde.
Hy bring my by waters
waar daar vrede is.

Hy gee my nuwe krag.
Hy lei my op die regte paaie
tot die eer van sy Naam.

Selfs al gaan ek deur donker dieptes,
sal ek nie bang wees nie,
want U is by my.
in u hande is ek veilig.

U laat my by 'n feesmaal aansit,
terwyl my teëstanders moet toekyk.
U ontvang my soos 'n eregas,
ek word oorlaai met hartlikheid.

U goedheid en liefde
sal my lewe lank by my bly

en ek sal tuis wees
in die huis van die Here
tot in lengte van dae.

Afrikaans Nuwe Vertaling (1983).
Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

